

Die EERSTE 1000 DAE VAN LEWE

en die BELANGRIKHEID VAN SPEEL



INHOUDSOPGAWE

A. VOORWOORD

B. DIE BELANGRIKHEID VAN DIE EERSTE 1000 DAE VAN LEWE
Dr. Johan Erasmus
- Hoekom is die eerste 1000 dae van lewe dan so belangrik?
- Risikofaktore
- Belangrike komponente van doeltreffende kinderontwikkeling

C. SPIRITUALITEIT IN DIE VROEË KINDERJARE:
Die rol van die kerk
Ds. Marie-Jean Brink

D. DIE BELANGRIKHEID VAN SPEEL IN KINDERONTWIKKELING
Prof. Liesel Ebersöhn

E. DIE GEBRUIK VAN SPEL EN PRAKTIESE HULPBRONNE
om jong kinders met emosionele behoeftes te ondersteun
Dr. Judy van Heerden

F. HOE GEMEENTES BETROKKE KAN RAAK BY VROEË KINDERONTWIKKELING

G. ADOPT-A-PRESCHOOL-PROJEK

A.

VOORWOORD

Die **EERSTE 1000 DAE VAN KINDERONTWIKKELING EN DIE BELANGRIKHEID VAN SPEEL** is as ‘n projek deur die Noordelike Sinode geïdentifiseer. ‘n Taakspan, bestaande uit kundiges op verskeie gebiede, is op die been gebring om ‘n videoreeks en handleiding hieroor te vervaardig.

Die projek fokus op moeders (ook swanger vroue) en die primêre versorging van kinders 0 – 3 jaar.

Die doel van die projek is:

- om bewusmaking oor hierdie onderwerp in NG gemeentes in die Noordelike Sinode Sinodale gebied te bevorder,
- om ondersteuning met die loods van aksies en programme aan die NG gemeentes in die Noordelike Sinodale gebied te verskaf,
- om programme en hulpbronne, die nodige ondersteuning en ontwikkelingsdienste te verskaf,
- om gemeentes te bemagtig om daadwerklik en positief op hierdie inligting te reageer.

B.

Die belangrikheid van die EERSTE 1000 DAE VAN LEWE

DR. JOHAN ERASMUS
Neuro-Ontwikkelingspediater

Daar word al meer besef dat die eerste 1000 dae van lewe – van bevrugting tot ‘n kind se tweede verjaarsdag – ‘n unieke geleentheid bied waar die fondasies vir optimale gesondheid en ontwikkeling lewenslank gevestig word. Intervensie gedurende hierdie kritieke periode van ontwikkeling bied dan ook die hoogste opbrengs op belegging.

Hoekom is die eerste 1000 dae dan so belangrik?

Die eerste 1000 dae bestaan uit swangerskap en die eerste twee jaar van lewe. Die vinnigste breingroei gedurende ‘n persoon se hele lewe vind plaas net voor en na 40 weke gestasie, soveel so dat teen die 1000ste dag het die brein reeds 80% van sy volwasse gewig bereik. Alle funksies, insluitende visie en gehoor, die visuele en gehoorkortekse in die brein, reseptiewe taal en taalproduksie en die deel van die brein wat dit ondersteun is reeds teen die tweede jaar feitlik volledig ontwikkel.

Dit is gevolglik verstaanbaar dat enige negatiewe inwerking op die groei en ontwikkeling van die kind in hierdie kritieke periode ‘n wesenlike invloed op latere funksionering sal hê. Dit sluit fisiese groei, lewenslange gesondheid, emosionele en sosiale gesondheid, skolastiese funksionering en die uiteindelike sukses in die arbeidsmark in. Dit het ook ‘n betekenisvolle effek op langtermyn fisiese gesondheid.

Risikofaktore

Armoede verhoog die kanse op wanvoeding en stel kinders bloot aan veelvuldige negatiewe invloede, insluitende familiële spanning, kindermishandeling en verwaarlosing, voedselonsekerheid en familiegeweld. Vroeë intervensie het dus die potensiaal om ongelykheid te verminder en kinderwelsyn te bevorder.





Die belangrikheid van verhoudings en gekoesterde interaksies tussen kinders en versorgers waar daar positief op kinders se emosionele en fisiese behoeftes gereageer word, speel ‘n beduidende rol in breinontwikkeling.

Die belangrikheid van die fisiese en emosionele gesondheid van die moeder kan nie genoeg beklemtoon word nie. Swak moederlike fisiese en geestesgesondheid het ‘n beduidende invloed om haar vermoë om gekoesterde aandag te gee. Hier speel veral spanning en depressie ‘n beduidende rol. Die World Association Infant Mental Health World Congress May 2018 beskou moederlike welsyn in so ‘n ernstige lig dat hulle hoof-aanbeveling na die kongres die volgende is: “Protect the development of the child brain by securing the wellbeing of the pregnant mother”.

Belangrike komponente van doeltreffende kinderontwikkeling:

- Koesterende versorging
- Voldoende voeding
- Responsiewe versorging
- Geleenthede om te kan leer
- Veiligheid en sekuriteit
- Doeltreffende gesondheidsektor
- Doeltreffende sosiale en kinderbeskermingseenhede
- Doeltreffende opvoeding- en onderwyssektor

(Kontak **cmr@cmrn.co.za** vir die volledige dokument oor die Belangrikheid van die Eerste 1000 dae van lewe.)

C.

Spiritualiteit in die vroeë kinderjare
DIE ROL VAN DIE KERK

DS. MARIE-JEAN BRINK
Petra Instituut

Spiritualiteit van kinders in die vroeë kinderjare word dikwels oor die hoof gesien, en die geloofsgemeenskap worstel met sy roeping in die verband. Terwyl jeugbediening hoofsaaklik op adolessente en jong volwassenes konsentreer, begin geloofsvorming baie vroeër.

Genesis 1:26, Jeremia 1:5 en Psalm 139 bevestig dat jong kinders reeds vanaf bevrugting in ‘n vehouding met God staan. In plaas daarvan om kinders se spiritualiteit te sien as ’n kers wat wag dat die vlammetjie aangesteek moet word, is ’n meer Bybelse metafoor die van ‘n glas: iets wat met sorg hanteer moet word, maar die ruimte vir God bestaan reeds.

Navorsing in sielkunde en teologie bevestig dat kinders biologies en geestelik bedraad is vir ‘n verhouding met God en mense, en dat vroeë koestering van hierdie aangebore spiritualiteit veerkragtigheid, emosionele welstand en langtermyn geloofsvorming bevorder.

Praktiese implikasies vir gemeentes sluit die erkenning van die vormende krag van geloofservarings deur rituele, intergenerasionele eredienste en die teenwoordigheid van ’n liefdevolle gemeenskap in. Aanbevelings soos Pray-Grounds, doelbewuste intergenerasionele ondersteuning, en die aktiewe betrokkenheid van vaders, grootouers en mentors beklemtoon die kerk se rol as ’n geestelike tuiste vir kinders en versorgers. Die koestering van kinders se spiritualiteit vanaf geboorte bevestig hulle plek as volwaardige lede van die liggaam van Christus wat die hele geloofsgemeenskap versterk.



Vir meer inligting kontak:

Petra Instituut

Ds Marie-Jean Brink (083 2822 232)

e-pos: mjbrink@petra.co.za

https://www.petra.co.za/courses/god-my-baby-and-i-the-first-1000-days

Sikunye

Richard & Ruth Lundie (063 711 3601)

info@sikunye.org.za

https://sikunye.org.za/is-my-church-ftd-friendly/

Little Seeds

Ds Melanie Thirion (072 286 3333)

melanie@littleseeds.org.za

https://badisa.org.za/little-seeds-early-childhood-development/

Pray-ground

https://www.sneucc.org/files/websites/www/Pray-Ground-for-web.pdf

https://faithandchildren.org/2024/04/23/prayground/

D.

Die belangrikheid van **SPEEL** in KINDERONTWIKKELING

PROF. LIESEL EBERSöHN

Die Masidlale 1 studie 2 het bevind dat doelbewuste spel kinders in nood help om positief te ontwikkel. Die Masidlale Praktisyns-/Beleidsopsomming gee (i) 'n maklike oorsig van die belangrikste bevindings en voorstelle in die volledige projekverslag 3, en (ii) praktiese riglyne vir mense wat met kinders werk of besluite neem, oor hoe spel gebruik kan word om gesonde ontwikkeling te bevorder. Die Masidlale Praktisyns-/Beleidsopsomming moet saam met die volledige Masidlale Projekverslag gelees word.

Die Masidlale-studie het kinders se ontwikkeling in twee residensiële sorgsentrums gemeet – een waar doelbewuste spel gebruik is, en een waar dit nie was nie[4]. In die sentrum waar doelbewuste spel gebruik is, is personeel opgelei om 'n spelprogram doelgerig saam met kinders wat vroeër mishandel is, uit te voer.

Die studie is in 2021 en 2022 by twee residensiële sorgsentrums in Gqeberha, Suid-Afrika, gedoen.

Deelnemers:

- 26 versorgers (direkteure, maatskaplike werkers, 'n hulpsosiale werker en kinder- en jeugsorgwerkers) en
- kinders: 29 meisies en 30 seuns tussen 8 en 12 jaar oud (59 kinders in totaal).

Die versorgers het aan aanlyn-onderhoude deelgeneem, en die kinders het verskeie toetse voltooi om te kyk na hulle gesondheid (lengte en gewig), sosiale gedrag (emosionele en prososiale vaardighede), persoonlike ontwikkeling (emosionele beheer en hoop), en skoolprestasie (akademiese vordering).
(Kontak cmr@cmrn.co.za vir die 'Practitioner's brief'.)









E.

SPEL en praktiese hulpbronne om jong kinders met EMOSIONELE BEHOEFTES te ONDERSTEUN

DR. JUDY VAN HEERDEN

Wanneer volwassenes jong kinders met emosionele behoeftes ondersteun, kan hulle spel (play) en praktiese hulpbronne inspan om hierdie dikwels komplekse saak aan te spreek. Spel kan voordelig wees vir die kinders en die volwassenes wat hulle ondersteun. Wanneer kinders speel, is hulle meer op hul gemak en voel hulle minder bedreig deur onbekende situasies.

Speel help kinders ook om moeilike emosies te verwerk

As kinders met komplekse emosionele probleme worstel, kom dit dikwels na vore wanneer hulle speel. Kinders wat geleentheid, ruimte en hulpmiddels kry om te speel, kan deur gevoelens soos pyn, vrees of verlies werk terwyl hulle steeds soos ‘n kind optree. Spel gee vir hulle ‘n manier om emosies uit te druk waarmee hulle sukkel en waarvoor hulle nie altyd die woorde het om dit ten volle te verduidelik nie. Deur pynlike gebeure herhaaldelik deur verbeeldingryke spel te herskep, probeer kinders die impak van wat gebeur het, verstaan. Byvoorbeeld, as ‘n kind gesien het hoe twee volwassenes baklei, kan hulle hierdie konflik met poppe herskep.

Daar is ‘n PowerPoint-dokument beskikbaar met idees wat volwassenes kan gebruik om emosionele ondersteuning aan kinders op ‘n speelse, nie-bedreigende manier te verskaf. (Kontak **cmr@cmrn.co.za** vir die volledige dokument.) Volwassenes kan die gevoelenswiel, boeke met geskikte stories, draaiwiele (spinners) en verskillende soorte rolblokkies (dobbelstene) op kreatiewe maniere gebruik vir verskeie ouderdomsgroepe en om verskeie emosies uit te beeld en te verwoord. Hierdie hulpbronne kan as intensionele uitnodigings dien om kinders te help om hul emosies te herken en te deel terwyl hulle in ‘n nie-bedreigende omgewing speel.







F.

Hoe gemeentes betrokke kan raak by VROEë KINDERONTWIKKELING

Implementerende rol:

Hierdie rol verg deeglike navorsing oor die stand van VKO in julle gemeenskap, watter dienste alreeds gelewer word, watter netwerke/forums alreeds bestaan, waar leemtes/ behoeftes is en watter dienste toepaslik is vir die Gemeente se kapasiteit.

Navorsing moet ook gedoen word oor toepaslike wetgewing en regulasies. Die geheim is nie om die wiel te herontwerp en kompetisie in jul VKO-veld te skep nie, maar om die gemeenskap te dien met julle unieke bydrae.

Voorbeelde van implementerende rol:

1. **VGK Galvendale (Gqeberha)**: Leesgroepe en tuisgebasseerde program
2. **NGK Knysna:** Leesgroepe in samewerking met die plaaslike laerskool (graad 1 en 2)
3. **NGK Fraserburg + biblioteek:** Leesgroepe
4. **VGK Rosemore (George):** Geregistreerde VKO-sentrum (Badisa)
5. **VGK Nababeep:** Tuisgebasseerde program
6. **NGK Kuilsrivier** (Wes -Kaap): Leesgroepe en tuisgebaseerde program op omliggende plase.





Verhoudingsgedrewe ondersteunende rol - voorbeelde:

1. **NGK Wellington-Oos:** Kantoorspasie en infrastruktuur vir SmartStart se ClubCoach
2. **NGK Worcester-Vallei:** Geestelike ondersteuning van SmartStarters
3. **NGK George Tuinedal:** Stoorkamer vir speelgoed.
4. **NGK Ysterplaat:** VKO-forum gevorm
5. **NGK Kenridge:** Bestuursfunksie by VKO-sentrum
6. **NGK Kuilsrivier (Weskaap):** Bied infrastruktuur vir opleiding
7. **NGK Mosselbaai:** Koordineer en verprei weeklikse kos aan VKO-sentrums.

VKO gemeenskapsanalise gespreksdokument om ‘n kinderbeskermingsbeleid vir ‘n gemeente te ontwerp.

Kort videos vir eredienste: www.littleseeds.org.za/resources/

Riglyne vir registrasie van VKO-sentrum (ECD Toolkit)

https://lrc.org.za/wp-content/uploads/ECD.pdf

SmartStart South Africa

https://smartstart.org.za/

G.

ADOPT-A-PRESCHOOL PROJEK

Wanneer ’n gemeente by ’n vroeë kinderontwikkeling (VKO) inisiatiewe betrokke raak, saai hulle in die fondament van ’n gemeenskap. Deur liefde, tyd en ondersteuning te gee aan jong kinders en hul opvoeders, help die kerk om hoop, stabiliteit en waardigheid te bou waar dit die meeste saak maak. Hierdie betrokkenheid is nie net ’n diensprojek nie – dit is ’n lewende getuienis van God se hart vir die kleinste en kwesbaarste onder ons.

’n Gemeente wat met VKO-sentrums hande vat of VKO-inisiatiewe in hulle omgewing loods, dra by tot gesonde gesinne, sterker gemeenskappe en ’n nuwe geslag wat weet hulle is kosbaar in God se oë.

Die dokument bied 50 praktiese idees vir hoe ’n gemeente op verskillende vlakke, van eenvoudige hulp tot voltydse betrokkenheid – ’n verskil kan maak in vroeë kinderontwikkeling. Dit wys dat elke persoon of groep, ongeag hul tyd of hulpbronne, iets waardevol kan bydra.

Kontak **cmr@cmrn.co.za** vir ‘n lys van idees.

1. Eenvoudige, praktiese ondersteuning (min moeite / geen koste)

Hierdie afdeling fokus op maklik uitvoerbare maniere om VKO te ondersteun sonder groot uitgawes. Byvoorbeeld: Versamel herwinbare materiale soos eierhouers en bottels vir kleuters om kunsprojekte mee te doen.

2. Vrywillige betrokkenheid

Gee idees vir mense wat graag hul tyd wil gee om betrokke te wees by kleuterskole of kinders by die kerk. Soos om ’n “Storie-uur” waar vrywilligers weekliks vir kinders voorlees by die kerk of ’n plaaslike kleuterskool te begin.









3. Gesins- en gemeenskapsbetrokkenheid

Beklemtoon die belangrikheid van ouers, gesinne en die breër gemeenskap in die ondersteuning van VKO. Byvoorbeeld: Begin 'n "Ouers-en-Kleuters"-oggend vir speel, saamwees en verhouding bou.

4. Hulpbronne en opleiding

Maak voorstelle vir die verskaffing van materiaal, opleiding en vaardigheidsontwikkeling vir onderwysers en assistente. Onder andere om kundiges in vroeë kinderontwikkeling te nooi om opleiding vir ouers en onderwysers aan te bied.

5. Volhoubare langtermynbediening

Fokus op strukturele, volhoubare maniere om 'n VKO-bediening deel van die gemeente se roeping te maak. Met die hoogtepunt om 'n volledig toegeruste kleuterskool op die kerkterrein met geloofsgerigte leer en voeding te bou en te bestuur.